HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

9 Februarie 2024

OMSENDBRIEF 4/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Tweekamp:** Baie geluk aan die volgende tweekampatlete wat op 3 Februarie in Oudtshoorn aan die Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms deelgeneem het.

Ouderdom	**Atleet**	**Punte**
Seuns o.9	**Bernard Schoeman**	1032,10
Dogters o.15	**Lisa van Zyl**	1858,23
Seuns o.19	**Taetse Möller**	1884,12

2. **Snoepie:** Baie dankie aan die volgende ouers en leerders wat bereid is om by hierdie Saterdag se atletiekbyeenkoms te kom diens doen in die snoepie. Julle harde werk en ondersteuning van die skool word ongelooflik baie waardeer. As daar nog ouers is wat kan help, kan u asseblief vir me. Lelise Scheepers laat weet by 076 755 6578.

10 Februarie 2024

LS - Langeberg Atletiek

SNOEPIEROOSTER

	7:00 - 8:00	8:00 - 9:00	9:00 - 10:00	10:00 - 11:00	11:00 - 12:00	12:00 - 13:00
TOASTIES						
1	Vivian Crous	LOADSHEDDING	LOADSHEDDING	**Mathilda Witbooi VRL**	Sharlene Strauss	Sharlene Strauss
2	Lidelle Rheeders	LOADSHEDDING	LOADSHEDDING			
HAMBURGERS						
BRAAIER		Herman Spangenberg	Herman Spangenberg	1STE SPAN RUGBYMANNE		
3		**Jada-Lee Lagorie VRL**	Lizl Pieterse	Lizl Pieterse	Grove Kriel	Grove Kriel
4		Arndene Esterhuizen	Annika van Wyngaard	Annika van Wyngaard	Truette Kriel	Truette Kriel
KOFFIE / TEE / HOT CHOCOLATE & DOUGHNUTS						
5		**Matilda Witbooi VRL**	Christeline Witbooi	**Jada-Lee Lagorie VRL**		
6						
TOONBANK 1 - BETAAL EN AANGEE						
7	Renee Botha	Renee Botha	Renee Botha	Mariante vd Merwe	Mariante vd Merwe	Shalida Ross
8		Geraldene Fourie	Geraldene Fourie	**Edean Kriel VRL**	Shalida Ross	**Edean Kriel VRL**
TOONBANK 2 - BETAAL EN AANGEE						
9		Lidelle Rheeders	Marine Matthee	Renee Botha	Mia Carstens	Mia Carstens
10		**Keziah Steyn VRL**	Stacey Kleinveldt	**Keziah Steyn VRL**	Marine Matthee	Vivian Crous
SLAP CHIPS						
11	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand
12		Hendrieka Fhilander	Hendrieka Fhilander	Hendrieka Fhilander	Hendrieka Fhilander	Hendrieka Fhilander
13						

3. **Betaling van skoolfonds:** Ons kan nie hierdie skool suksesvol bestuur en aanhou om vir ons kinders sulke fantastiese geleenthede te skep as ouers nie hul skoolfonds betaal nie. **Ouers wie se nuutste rekeninge nie teen einde Februarie betaal is nie, sal in Maart voor die Skoolbeheerliggaam verskyn om die redes vir hul wanbetaling aan te voer.** Ons vra ook dat, as u bewus is van ouers wat op 'n oneerlike manier vir kwytskelding gekwalifiseer het terwyl hulle eintlik 'n goeie inkomste het, dit onmiddellik by die skool aan te meld sodat ons dit vir die polisie kan deurgee.

4. **Aansoek vir kwytskelding:** Ouers wat geen of ‘n klein inkomste verdien, kan vir kwytskelding van skoolfondse by die skool se finansiële kantoor aansoek doen. Die volgende dokumente moet saamgebring word: Afskrif van elke kind se ID of geboortesertifikaat; SASSA-vorm (nie ‘n afskrif van die SASSA-kaart nie); Afskrifte van albei ouers se ID’s; Salarisstrokies van die afgelope drie maande van albei ouers; Bankstate van die afgelope drie maande van albei ouers; Werkloosheidsverklaring wat onder eed by die polisie afgelê moet word. As u ‘n enkelouer is, moet u ‘n beëdigde verklaring saambring wat die redes en situasie verklaar; As u ‘n wettige voog is in plaas van ‘n biologiese ouer, moet u ‘n verklaring van ‘n maatskaplike werker saambring; Indien kinders in u pleegsorg geplaas is, moet die hofbevel wat dit aandui saamgebring word.

5. **Skolierpatrollie:** Baie geluk aan die volgende leerders wat vir die skolierpatrollie gekies is. Julle doen ‘n baie belangrike werk om ons kinders so vroeg in die oggende en in die warm middae veilig te hou. Dankie vir julle bereidwilligheid!

	Maandag	*Dinsdag*	*Woensdag*	*Donderdag*	*Vrydag*
1	Luaney Botes	Zahria Niemand	Kiara Vlok	Hugo Smit	Lee Aden Slingers
2	Megan Engelbrecht	Minne Le Roux	Farrownique Adams	Ruben Potgieter	M-Jay Jordaan
3	Janien Tulela	Zaylin Witbooi	Lenique Fortuin	Riano Ambros	Rowan Papa
4	Jo-nell Botha	Arielle Struass	Cathlyn Prins	Emma Du Toit	Jumaro Fortuin

Somer : 07:00 – 07:25 **Winter : 07:30 – 07:55**

6. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

7. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Sa. 10 Feb.	Atletiek: Hoërskole Langebergbyeenkoms te Swellendam Atletiek: Laerskole Langebergbyeenkoms te HS Bonnievale
Ma. 12 Feb.	Juf. Tanya van Heerden (gr. 1) gaan met kraamverlof. Juf. Jané Baard los haar af.
Wo. 14 Feb.	O.13-krieket vs. Bontebok Primêr (weg) Valentynsdag VRL Valentynsbal Juf. Suzaan Jordaan (gr. 10-12) gaan met kraamverlof. Juf. Isabella October los haar af.
Do. 15 Feb.	Laerskooltennis vs. Koo (tuis) O.19-krieket vs. Worcester Hub (weg)
Vr. 16 Feb.	Kieserslys vir SBL-verkiesing by skool beskikbaar vir besigtiging deur ouers.
Sa. 17 Feb.	Atletiek: Hoërskole Noord-Bolandbyeenkoms te HS Bonnievale Atletiek: Laerskole Noord-Bolandbyeenkoms te Worcester
Di. 20 Feb.	O.13-krieketproewe te Swellendam Hoërskoolredenaars
Vr. 23 Feb.	Laerskole Boland Atletiekkampioenskappe te Paarl
Sa. 24 Feb.	Laerskole Boland Atletiekkampioenskappe te Paarl Mini-krieket te Worcester Primêr Boland Tweekampkampioenskappe te Wellington

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

“Hulle weet dat ons weet dat hulle nie weet wat ons weet nie.”